GAUTENG PROVINCE
Department: Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**Ekurhuleni Noord Distrik**

**Graad 6 Geografie Eksamen** **Totaal: 40 punte**

**Datum: November 2019** **Tyd: 1 uur**

**MEMO**

**Opstellers: Eksamen kommitee** **Moderators: Eksamen kommitee**

**Leerder se naam en van:** ________________________________________

**Klas: Graad 6** ______________________________________________________

**Skool:** ______________________________________________________________

**Onderwerp: Kwartaal 3 en 4**

- **Klimaat en plantegroei**
- **Populasie en waar mense woon in Suid Afrika**

**Vraag ontleding:**

| **Vraag** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Puntetoekenning** | **5** | **5** | **9** | **11** | **10** |
| **Leerderpunt** | | | | | |
| **Moderatorspunt** | | | | | |

**Instruksies:**

- Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.
- Maak seker dat jy jou naam, van en klas op die vraestel skryf.
- Kyk na elke vraag se puntetoekening voordat jy die vraag beantwoord.
- Beantwoord al die vrae.
- Skryf netjies en leesbaar.
- *Sterkte.*

**VRAAG 1: <u>KOLOM A EN B</u>** **[5]**

1.1 Pas die definisies in Kolom B by die woorde in Kolom A. Skryf die antwoord in Kolom C. Byvoorbeeld: 1.6. F

| KOLOM A | KOLOM B | KOLOM C |
|---|---|---|
| 1.1 Plafon | a. ‘n Groot gebied. | **B** |
| 1.2 Plantegroei | b. Die boonste vlak van die bome wat n dak maak. | **C** |
| 1.3 Temperatuur | c. Plantlewe. | **D** |
| 1.4 Aanpas | d. Hoe warm en koud dit is. | **E** |
| 1.5 Streek | e. Verander om by die klimaat te pas. | **A** |

**VRAAG 2: <u>MEERVOUDIGE KEUSE</u>** **[5]**

**Kies die korrekte antwoord en omkring die korrekte letter.**

2.1 Om lank te gaan slaap:

a. Ontspan.

b. Uitstel.

**c. Hiberneer.**

2.2 Die weer is:

**a. Dag tot dag toestande.**

b. Toestande wat gewoonlik in ‘n gebied voorkom.

c. Om verskillende seisoene te hê.

2.3 Klimaat beteken:

a. Die weer.

**b. Weerstoestande wat gewoonlik in ‘n gebied voorkom.**

c. Water wat uit die lug kom.

2.4 Die aantal mense in 'n gebied is die definisie van.

a. Bevolking.

b. Bevolkingsverspreiding.

**c. Bevolkingsdigtheid.**

2.5 Die manier hoe mense oor 'n gebied versprei word is:


**a. Bevolkingsverspreiding.**

b. Bevolking.

c. Bevolkingsdigtheid.

**VRAAG 3: <u>BEVOLKINGSGRAFIEK</u>** **[9]**

Gebruik die onderstaande grafiek om die vrae te beantwoord.




Die bevolkingsgetalle vir elk van Suid-Afrika se provinsies.

3.1 Dui die bevolking van Gauteng aan en gee twee redes vir die bevolkingsgetal.

**11 000 000 – 11 750 000 (Tussen hierdie getalle).**

**Meer werksgeleenthede.**

**Beter huise en ander dienste.**

**Beter gesondheidsorg.**

**Geleenthede om 'n goeie opvoeding te kry.**

**(Enige ander relevante rede waarom mense in stedelike gebiede woon).** (3)

3.2 Na u mening, waarom dink u is die bevolkingsgetal so laag in die Noord-Kaap? (2)

**Te min werksgeleenthede.**

**'n Tekort aan dienste; soos onderwys en gesondheidsorg.**

**Natuurrampe.**

**Nie genoeg minerale nie.**

**(Enige relevante redes waarom mense die landelike gebied verlaat).**

3.3 Lys die provinsies met die hoogste bevolking en die provinsie met die laagste bevolking. Werk die verskil tussen die populasie van die twee provinsies uit. Toon al u berekeninge aan en rond af tot die naaste eenheid:

(4)

Provinsie met die<u>hoogste bevolking                    Provinsie met die laagste bevolking</u>


Bewerking:

| | |
|---|---|
| **Gauteng.** | **Noord-Kaap** |
| **11000 000 tot 11 750 000** | **11000 000 tot 12500 000** |
| **11 000 000** | **(1 punt vir die hoogste provinsie)** |
| **<u>- 1250 000</u>** | **(1 punt vir die laagste provinsie)** |
| **<u>10 500 000 tot 11 000 000</u>** | **(1 punt vir die aftrek, 1 punt antwoord) (kyk na lle se** |

**vir die bewerking)**

## VRAAG 4: <u>KLIMAAT GRAFIEK</u> [11]

Gebruik die volgende grafiek om die vrae wat volg te beantwoord.




Gemiddelde jaarlikse Temperatuur 6 °C

Gemiddelde jaarlikse Neerslag 450 mm

Klimaat inligting vir Beaverlodge in Kanada

4.1 Dui die hoogste temperatuur en die maand aan: (2)

**15°C** **Julie**

4.2 Wanneer is dit somer in Kanada? Gee redes vir jou antwoord: (3)

**Junie, Julie en Augustus.**

**Kanada is in die Noordelike Halfrond; hulle het somer in hierdie maande.**

**Volgens die grafiek kan jy sien dat hierdie maande die hoogste temperatuur het, wat dit somer maak.**

**(Enige ander relevante antwoord).**

4.3 Dui die klimaatstreek vir Beaverlodge in Kanada aan. Gee 'n rede vir jou antwoord: (2)

**Gematigde naaldbos.**

**Hiedie streek kry gewoonlike temperature onder 0°C.**

4.4 Lys enige twee soorte diere wat jy in hierdie klimaatstreek kan vind. (2)


**Swartbere**
**Siberiese Tiere**
**Eland**
**Wolwe**
**Tierboskat**
**Jakkalse**
**(Enige drie)**

4.5 Lys twee soorte plantegroei wat jy in hierdie klimaatstreek kan vind. (3)

**Naaldbome soos spar of lariks.**

**VRAAG 5:** **<u>KAARTVAARDIGHEDE</u>** **[10]**

**Voltooi die kaart hieronder.**



Kaartsleutel

☐ Meer as 40 mense per vierkante kilometer.

☐ Tussen 5-40 mense per vierkante kilometer.

☐ Onder 5 mense per vierkante kilometer.

| Provinsie | Bevolingsdigtheid per vierkante kilometer | Provinsie | Bevolingsdigtheid per vierkante kilometer |
|---|---|---|---|
| Gauteng | 616 | Wes-Kaap | 40 |
| KwaZulu-Natal | 113 | Oos-Kaap | 40 |
| Mpumalanga | 47 | Noordwes | 32 |
| Limpopo | 43 | Vrystaat | 21 |
| Noord-Kaap | 3 | | |

5.1 Gebruik die tabel hierbo en skryf die bevolkingsdigtheid vir elke provinsie op die kaart. (5)

**Vir die korrekte bevolkingsdigtheids merk: Gauteng, Mpumalanga, Wes-Kaap, Noord-Kaap en Noordwes.**

5.2 Kies drie kleure vir elke afdeling van die kaartsleutel. En kleur die kaartsleutel in volgens die korrekte kleur op die kleursleutel. (3)

**As dit korrek ingekleur is volgens die kaartsleutel, merk: KwaZulu-Natal, Limpopo, Oos-Kaap en Vrystaat.**

5.3 Gee jou kaart 'n gepaste titel: **Enige relevante titel.**


(1)

Kaartsleutel

☐ Meer as 40 mense per vierkante kilometer.

☐ Tussen 5-40 mense per vierkante kilometer.

☐ Onder 5 mense per vierkante kilometer.




**TOTAAL: [40]**